Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 1, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# INFANTERIE IN SUID-AFRIKA

Die Suid-Afrikaanse Infanteris was nooit 'n voetslaner nie. Van die vroegste tye het hy geglo aan beweeglikheid. Miskien kan dit toegeskrywe word aan Suid-Afrika se uitgestrektheid en klimaat. Dit sou trouens 'n strategiese fout gewees het om 'n vlugvoetige swart vyand te voet te probeer beveg. Vir alle praktiese redes was die soldaat van die verlede 'n berede infanteris. Sy wapen was die lang geweer en nie die kort een van die kavelleris nie. Ook het die Suid-Afrikaanse soldaat nie van sabels of lanse, soos 'n tipiese kavalleris, gebruik gemaak nie.

Met sy perd het hy beweeg totdat kontak met die vyand gemaak is en dan het hy afgeklim en op die grond die geveg aangeknoop.

'n Tipiese vermenging van die Engelse en Afrikaanse kultuur vind plaas tydens die SWA- en Oos-Afrikaanse veldtog gedurende WOI. Toe word van gewone sowel as berede infanteriste gebruik gemaak.

Selfs so laat as 1933 dring lt kol George Brink (toe kmdt. van die Militêre Kollege) daarop aan dat die pasgestigte SDB berede infanterieopleiding moet ontvang terwyl genl Andries Brink (toe HGS) daarop aandring dat dit suiwer infanterie-opleiding moet wees. Wêreldoorlog II het nie vir die perd plek gehad nie. Maar nog steeds is die Suid-Afrikaanse soldaat mobiel — hy het die perd vir vragmotors verruil.

Vandag is die mobiliteit van die infanteris in so 'n mate verhoog dat hy van lug- en motorvervoer en weer die perd gebruik maak. Maar 'n tipiese voetslaner sal die Suid-Afrikaanse infanteris nooit wees nie.




Foto: Stadsbiblioteek, Port Elizabeth





Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 5, Nr 1, 1975. http://scientiamilitaria.journals.ac.za












130

